

## 3 Mei

## 1 Petrus 1:3-5

### ***Wat die wedergeboorte oplewer***

Petrus word deur iemand (Overduin) die apostel van die hoop genoem. Sy briewe is vol van die hoop. Daarmee troos hy sy lesers.

Hoe het Petrus apostel van die hoop geword? Hy was apostel van die opstanding en juis daardeur apostel van die hoop. Toe hy tot geloof gekom het in die opstanding van Jesus, het daar ook hoop in sy lewe gekom. Die opstanding van Jesus het vir hom 'n deur van hoop geopen. Die poort na die paradys is daardeur vir hom geopen. Wat is die betekenis van Jesus se opstanding? Laat ek dit aan u verduidelik: In Genesis 3 het die paradys agter ons toegegaan. Op Paassondag is die toegang weer geopen. In Genesis 3 het die mens uit die lewe in die dood ingestap. Op Paassondag het Jesus uit die dood in die lewe ingegaan en elkeen wat glo saam met Hom. Daar is 'n bekende idioom wat lui: Waar daar lewe is, is daar hoop. Ons sal daaraan 'n ander betekenis moet gee: Wanneer ons deur die geloof deel kry aan die opstandingslewe van Jesus, is daar hoop, hoop op die erfenis (vers 4). Ons woord "hoop" het 'n onseker klank: Ons hoop dat dit gaan reën, maar ons is nie seker nie. Die Bybelse woord "hoop" daarenteen is gelaai met sekerheid; ons hoop met sekerheid op die erfenis. Ons sekerheid is geleë in Christus se opstanding

Sing: Skrifberyming 9:5Dr.  
(Daniëlskuil/Delportshoop)

A.H.

Bogaards